NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 7 OKTOBER 2015 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Goliath, M S I
Cloete, C M	Humphreys, F S
Cleophas, J H	Sedeman, A C
Cox-Chetty, Y S	Stemele, O M
Geel, B W	Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Elektries), mnr M J Swanepoel
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl B W Geel open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 2 SEPTEMBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl L Traut)

Dat, na die toevoeging van 'n regstelling aan die notule van die Portefeuljekomitee-vergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 2 September 2015, dit as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

5.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2015

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha noem – op navraag van rdl Sedeman – dat die tender t.o.v. die Kalbaskraal sportvelde toegeken is en dat die ingenieur dienooreenkomstig in kennis gestel is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Augustus 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2015

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die voorsitter behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

Die voorsitter noem – op navraag van rdl F S Humphreys – dat die kwessie rakende die uitstaande skuld t.o.v. raadslede, soos op die verslag aangedui, uitgeklaar en afgehandel is en dat daar geen uitstaande skulde deur raadslede verskuldig is nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Augustus 2015.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Onder-voorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Stanley, B J
J H Cleophas	Van der Merwe, J I
Goliath, M S I	Van Zyl, M
Papers, C H	Wilskut, W
Rust, N J A	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Elektries), mnr M J Swanepoel
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:16 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C Fortuin.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 2 SEPTEMBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 2 September 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: AUGUSTUS 2015

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz noem dat – op navraag van rdl B J Stanley – die gemeenskap moet by aktief betrokke raak by die bekamping van misdaad om sodoende die diefstal van eiendom te voorkom.

Die/...

5.1.1/...

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha noem – op navraag van rdl B J Stanley – dat Swartland Munisipaliteit gereeld ondersoek instel om waterverliese te voorkom en ook om die onregmatige ontvangs van water te verminder waarna daar teen die persone opgetree word.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem – na versoek vanaf rdl B J Stanley – dat ondersoek ingestel sal word om werkers wat deur die Uitgebreide Publieke Werke Program (*EPWP*) befonds word, te gebruik om die padreserwe in Chatsworth te ontbos.

Die Munisipale Bestuurder noem – op navraag van rdl Zatu – dat die moontlikheid om vullishouers in Phola Park te plaas met die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste in samewerking met die Direkteur: Ontwikkelingsdienste ondersoek sal word.

Die Munisipale Bestuurder noem verder – op navraag van rdl Zatu – dat die proses aangaande die aanstelling van 'n tolk tans deur Swartland Munisipaliteit gevolg word.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Elektries), mnr M J Swanepoel, noem dat daar kommer heers oor die feit dat die slotte vanaf distribusiepanele gesteel word om dit as skrootmateriaal te verkoop.

Die Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Elektries) noem verder dat dit 'n groot gevaar vir die gemeenskap inhou en Swartland Munisipaliteit is tans besig om alternatiewe metodes t.o.v. die sluit van distribusiepanele te ondersoek.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl Z M Abrahams)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Augustus 2015;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat kennis geneem word dat ondersoek ingestel sal word om werkers wat deur die Uitgebreide Publieke Werke Program (*EPWP*) befonds word, te gebruik om die padreserwe in Chatsworth te ontbos;

(c) Dat verder kennis geneem word dat die moontlikheid om vullishouers in Phola Park te plaas deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste in samewerking met die Direkteur: Ontwikkelingsdienste ondersoek sal word;

(d) Dat daar met kommer kennis geneem word van die diefstal van slotte vanaf die distribusiepanele om dit as skrootmateriaal te verkoop.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Onder-voorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W	Sneewe, A M
Goliath, M S I	Stanley, B J
Papers, C H	Traut, L
Philander, D B	Van der Merwe, J I
Rangasamy, M	Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste (Elektries), mnr M J Swanepoel
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 11:01 ’n aanvang.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 2 SEPTEMBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 2 September 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2015

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

5.1/Die...

5.1/...

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, versoek dat motoriste attent moet wees rakende die vervaldatum van hul motorlisensies weens die feit dat daar nie briewe t.o.v. die hernuwing van motorlisensies vir September-maand uitgereik is nie.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem verder dat hierdie probleem nasionaal voorkom en dat dit nie weens nalatigheid vanaf Swartland Munisipaliteit is nie.

Ter inligting noem die Direkteur: Beskermingsdienste dat die provinsiale departement van Gemeenskapsveiligheid, Darling op 16 en 17 Oktober 2015 sal besoek waar die prioriteite van die SAPD Milnerton-sektor *(cluster)* asook die misdaad in die area bespreek sal word.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem – op navraag vanaf raadslid D B Philander – dat weens daar tans 'n opeenhoping van verkeer in Darlingweg plaasvind die opgradering van die N7. 'n Beroep word op motoriste gedoen om geduldig te wees aangesien die opgradering van die padnetwerk tot voordeel van die Swartland sal wees.

Die Direkteur: Beskermingsdienste versoek verder dat motoriste geduldig moet wees vir die verloop van die padwerke aangesien dit tot voordeel van die motoriste sal wees.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem – op navraag vanaf raadslid D B Philander – dat die oogtoetsmasjien wat buitewerking is, tans herstel word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, Verkeers- en Wetstoepassingsdiens en die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk Augustus 2015;

BESLUIT VERDER

(b) Dat kennis geneem word van die versoek aan motoriste om die vervaldatum van hul motorlisensie moet na te gaan en indien dit in September 2015 verval, dit by die verkeersdepartement te hernu aangesien daar geen briewe ter herinnering t.o.v. die hernuwing van motorlisensies gedurende September 2015 uitgereik is nie;

(c) Dat verder kennis geneem word van die besoek wat die provinsiale departement van Gemeenskapsveiligheid aan Darling op 16 en 17 Oktober 2015 sal meemaak.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: AUGUSTUS 2015

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

BESL/Dat...

7.1.1/Besl...

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Augustus 2015.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

8.1 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 4866, MOORREESBURG (15/3/10-9/Erf_4866) (WYK 2)

Aansoek word gedoen vir 'n vergunningsgebruik ten einde 'n huiswinkel (groot 18m²) vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis op erf 4866, geleë te Dennestraat, Moorreesburg te bedryf. Die geregistreerde eienaars is me A M Boltney & M R J September.

'n Terplaatse terreinbesoek het bevestig dat die inligting soos voorgehou in die aansoek nie die waarheid voorhou nie. Die winkel is in werklikheid ±46m² groot en voldoen die voorstel gevolglik nie meer aan die bepalings van 'n huiswinkel nie.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdh C H Papers)

A Dat die aansoek om vergunningsgebruik op erf 4866, geleë te Dennestraat, Moorreesburg ten einde 'n huiswinkel (±18m²) vanuit die bestaande woonhuis te bedryf, ingevolge Artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985, afgekeur word gegewe die volgende redes:

(a) Die inligting wat voorgehou word in die aansoek dui nie die werklike op-perseel situasie aan nie;

(b) Die bestaande ongemagtigde huiswinkel is ±46m² groot. Gevolglik voldoen dit nie aan die bepalings van 'n huiswinkel nie en sal dit as kleinhandelsaak die gebruik van die woonerf oorheers, en word gevolglik aanbeveel om die nodige veranderinge aan die bestaande woonhuis aan te bring sodat die gebruike voldoen aan die bepalings van die betrokke skemaregulasies of alternatiewelik, dat 'n aansoek om hersonering van die betrokke gedeelte vanaf enkel residensiele sone 2 na sakesone II vir oorweging ingedien word. Kennis moet geneem word dat indien aansoek om hersonering gedoen word, 'n aansoek om wysiging van die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk die betrokke aansoek moet vergesel;

(c) Dat die uitslag van die besluit aan die aansoeker kommunikeer word en dat die nodige aansoek by hierdie munisipaliteit binne 30 dae ingedien word gegewe die feit dat die besigheid onwettig bedryf word.

8.2 VOORGESTELDE HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 268, RIEBEEK-WES (15/3/3-12/Erf_268; 15/3/10-12/Erf_268) (WYK 3)

Aansoek word gedoen namens die eienaars Kaap Agri Bedryf Beperk vir die hersonering van erf 268 (groot 1,1281ha), geleë h/v Voortrekkerweg, Van Riebeek- en Sendingstraat, Riebeek-Wes. Die doel van die aansoek is om die eiendom te hersoneer vanaf enkelresidensiële sone 1 (±5640,5m²) en sakesone 2 (±5640,5m²) na sakesone 1 ten einde die korrekte grondgebruiksregte volgens die gebruike op die perseel te formaliseer.

Aansoek word ook gedoen vir 'n vergunningsgebruik vir 'n drankwinkel (±63m²) en 'n diensstasie (±226m²).

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

AANBE/...

A Dat die aansoek vir die hersonering van erf 268 (groot 1,1281ha), geleë h/v Voortrekkerweg, Van Riebeek- en Sendingstraat, Riebeek-Wes vanaf enkelresidensiële sone 1 (±5640,5m²) en sakesone 2 (±5640,5m²) na sakesone 1 ten einde die korrekte grondgebruiksregte volgens die gebruike op die perseel te formaliseer, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie, goedgekeur word;

B Dat die aansoek vir vergunningsgebruike vir 'n drankwinkel en 'n diensstasie, ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.1 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies goedgekeur word.

C Dat punte A en B onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

C1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat die vergunningsgebruike vir die drankwinkel (±63m²) en diensstasie (±226m²) beperk word tot die groottes soos voorgehou in hierdie aansoek;
(c) dat 'n aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word vir oorweging;
(d) dat die bestaande op-perseel parkeerplekke en laaisones voorsien word met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke en laaisones duidelik gemerk word;
(e) dat geen toegang en of uitgang van Sendingstraat vir die gebruik toelaatbaar is nie;
(f) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

C2 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

C3 RIOOL

(a) dat riooldienste deur middel van 'n suigtenkvragmotor voorsien word en om van hierdie diens gebruik te maak moet riooltenke van voldoende kapasiteit voorsien word wat toeganklik is vir die diensvragmotor;

C4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat die terreinplan aandui dat onder meer 'n nuwe stoor en geplaveide oppervlaktes aangebring gaan word. Die stormwater vanaf die nuwe verharde oppervlaktes moet gevoer word na 'n geskikte munisipale stormwaterversamelpunt. Hiervoor moet die aansoeker 'n professionele ingenieur aanstel om die voorsiening vir stormwater te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingnieursdienste voorgelê vir goedkeuring en die konstruksiewerk moet onder die aangestelde ingenieur se toesig gedoen word;

C5 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke afsonderlike besigheid op die erf gehef word, en ook dat in die geval van besighede die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering;

8.2/...

C6 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat in terme van die Paaie Ordonnansie 19 van 1976 mag geen nuwe toegange geskep of bestaande toegange of toegang gebruike verander word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke;
(b) dat 90º parkering nie toelaatbaar is vanaf geproklameerde provinsiale paaie nie;
(c) dat die voorgestelde behoud van bestaande 6 x 90º aan straat parkering by ±3,35km op MR227 nie ondersteun word nie en moet permanent gesluit word;
(d) dat die bestaande verlaagde randsteen vir die 6 x 90º aan straat parkering vervang moet word met 'n spêrrandsteen;
(e) dat goedgekeurde op-straat parkering voorsien moet word voor die nuwe spêrrandstene. Hierdie op-straat parkering mag nie inaggeneem word vir op-perseel parkering nie;
(f) dat voldoende op-perseel parkering voorsien moet word soos deur Swartland Munisipaliteit vereis word;
(g) dat in terme van artikel 17 van die Paaie Ordonnansie 19 van 1976 is daar 'n 5m statutêre boulyn van toepassing langs MR227. Die 5m word gemeet vanaf die statutêre grens van die pad;

D DAT DIE VOLGENDE REDES VIR DIE BESLUIT AANGEVOER WORD:

(a) Die aansoek is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Riebeek-Wes;
(b) Hierdie aansoek dien slegs as die formalisering van bestaande gebruike op die perseel wat reeds vir jare op die perseel bedryf word.

8.3 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 258, RIEBEEK-WES (15/3/3-12/Erf_258) (WYK 3)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte (groot ±231m²) van erf 258, geleë op die hoek van Kachelhoffer- en Smutsstraat, Riebeek-Wes vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n winkel vanaf die perseel te bedryf. Die geregistreerde eienaars van die betrokke erf is Terence en Merrlene Dawn Fisher.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

A Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 258 (231m²), geleë op die h/v Smuts en Kachelhofferstraat, Riebeek Wes vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n winkel van die perseel te bedryf, ingevolge Artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat ten minste 3 op-perseel parkering soos voorgehou in hierdie aansoek voorsien word;
(c) dat die parkeerplekke van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat dit duidelik gemerk word;
(d) dat die nodige aansoek vir die vertoning van 'n advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;
(e) dat die nodige aansoek vir 'n handelslisensie by Swartland Munisipaliteit, asook 'n geskiktheidsertifikaat by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir die bedryf van die kafeteria gedoen word;
(f) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar uitvoering aan die voorwaardes gegee is;
(g) dat die hersonering ingevolge artikel 16(2)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 2 jaar geldig is;

(h) dat die bestaande speletjiesmasjiene en pooltafel nie deel vorm van hierdie goedkeuring nie en moet gevolglik verwyder word;
(i) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

A2 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat daar geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 WATER

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat daar geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid sowel as vir die besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

A5 KAPITAALBYDRAE

(a) dat die kapitaalbydrae ten opsigte van die voorsiening van grootmaat dienste op bouplanstadium bereken word met die bevestiging van die korrekte grootte van die winkel;

A6 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde hersonering veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

A7 ALGEMEEN

(a) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees;

B DAT DIE VOLGENDE REDES VIR DIE BESLUIT AANGEVOER WORD:

(a) Die voorgestelde hersonering is met die ruimtelike beplanning van Riebeek-Wes versoenbaar;
(b) Die ontwikkelingsvoorstel voldoen aan alle soneringsparameters van die voorgestelde sakesone 2 sonering.

8.4 VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 2548, DARLING (15/3/3-3/Erf_2548; 15/3/4-3/Erf_2548) (WYK 6)

Aansoek word gedoen namens die eienaars F & S K Willemburg vir die hersonering van erf 2548 (groot 287m²), geleë op die h/v Bloekomboom- en Akkerboomlaan, Darling vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde ‘n woonbuurtwinkel op te rig.

Aansoek word ook gedoen vir ‘n afwyking ten einde af te wyk van die 3m syboulyn (noordelike grens) na 1m ten einde die voorgestelde gebou te akkommodeer.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

A Dat die aansoek vir die hersonering van erf 2548 (groot 287m²), geleë op die h/v Bloekomboom- en Akkerboomlaan, Darling vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde ‘n woonbuurtwinkel op te rig, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat bouplanne vir die voorgestelde woonbuurtwinkel aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(b) dat die ontwerp van die woonbuurtwinkel die straatfront van Bloekomboomlaan as aktiwiteitstraat komplimenteer;
(c) dat voertuigtoegang na die winkel beperk word vanaf Bloekomboomlaan en die toegang na die woonhuis vanaf Akkerboomlaan;
(d) dat die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(e) dat ten minste 3 op-perseel parkeerplekke en 1 laaisone voorsien word soos voorgehou in hierdie aansoek en dat die betrokke parkeerarea en laaisone van ‘n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plavleisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat die parkeerplekke en laaisone duidelik gemerk word;
(f) dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

A2 WATER

(a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat ‘n basiese vullisverwyderingstarief vir die besigheid en woonhuis gehef word, en dat die tarief vir die besigheid aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van verwydering geplaas word;

B Dat die aansoek vir ‘n afwyking ten einde van die 3m syboulyn (noordelike grens) na 1m ten einde die voorgestelde winkel te akkommodeer, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonannsie 15 van 1985 goedgekeur word.

C DAT DIE VOLGENDE REDES VIR DIE BESLUIT AANGEVOER WORD:

(a) Die aansoek is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Darling.

8.5 AANSOEK OM TYDELIKE AFWYKING OP ERF 148, ABBOTSDALE (15/3/4-1/Erf_148) (WYK 7)

Aansoek word gedoen vir 'n tydelike afwyking ten einde 'n huiswinkel (groot ±25m²) op erf 148, geleë te Kerkstraat, Abbotsdale te bedryf. Die geregistreerde eienaars is mnr Victor Samuel en Eileen Jennifer Scheepers.

Tydens ‘n terplaatse inspeksie was daar gevind dat die “huiswinkel” geensins verband hou met die woonhuis nie. Dit is weens die feit dat die winkel tans bedryf word deur ‘n Ethiopiese man wat deel vorm van ‘n groter organisasie van huiswinkels. Hierdie stelling was ook mondelings bevestig deur die eienaar.

8.5/Volg...

8.5/...

Volgens die betrokke skemaregulasies word 'n huiswinkel duidelik gedefinieër as *"…'n perseel vir die bedryf van kleinhandel van 'n woonhuis of buitegebou of,* ***deur die bewoner van die betrokke woonhuis*** *met dien verstande dat die dominante gebruik van die betrokke woonhuis vir akkommodasie van 'n enkel gesin sal bly*" en gevolglik is dit duidelik dat die voorgestelde winkel nie aan die definisie voldoen nie.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

A Dat die aansoek om tydelike afwyking op erf 148, geleë te Kerkstraat, Abbotsdale ten einde 'n huiswinkel (±25m²) te bedryf, ingevolge artikel 15 van Ordonnansie 15 van 1985, afgekeur word gegewe die volgende redes:

(a) Dat die voorstel voldoen nie aan die definisie van 'n huiswinkel nie en gevolglik kan die aansoek nie oorweeg word nie;
(b) Dit word aanbeveel dat 'n aansoek om hersonering van die betrokke gedeelte vanaf enkel residensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n winkel te bedryf, vir oorweging ingedien word;
(c) Dat die uitslag van die besluit aan die aansoeker kommunikeer word en dat die nodige aansoek by hierdie munisipaliteit binne 30 dae ingedien word gegewe die feit dat die besigheid onwettig bedryf word.

8.6 NUWE STRAATNAME: PHOLA PARK (16/5/6) (WYK 9)

Die verkose komitee in Phola Park en Ilinge Lethu stel die volgende straatname vir die voorgestelde ontwikkeling voor, nl:

(a) Sarah Bartmanstraat
(b) Johnson Sizanistraat
(c) Zathustraat
(d) Jacob Zumastraat
(e) Mandelastraat
(f) Govern Mbekistraat
(g) Peter Mokabastraat
(h) Albertina Sisulustraat
(i) Hector Petersenstraat

AANBEVELING[1]
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat die volgende voorgestelde straatname goedgekeur word en die Landmeter-Generaal dienooreenkomstig in kennis stel, nl:

1) Sarah Bartmanstraat
2) Johnson Sizanistraat
3) Govan Mbekistraat
4) Peter Mokabastraat
5) Albertina Sisulustraat
6) Hector Petersenstraat;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat Mandelastraat verander na Nelson Rolihlahla Mandelastraat;
(c) Dat Zathu- en Jacob Zumastraat nie aanbeveel word nie.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE

[1] Toevoeging per UBK-notule gedateer 14 Oktober 2015